# Noordwes-Universiteit se taalbeleid word hersien

Die vyfjaarlikse hersiening van die Noordwes-Universiteit (NWU) se Taalbeleid en Taalplan vind tans plaas en behels 'n intensiewe konsultasieproses met verskeie strukture en belanghebbendes. Alle beleide van die NWU is in die proses van hersiening ná die aanvaarding van 'n nuwe strategie, struktuur en statuut.

Die projekspan verwelkom alle belanghebbendes se insette en moedig lede van die universiteitsgemeenskap aan om deel te neem aan die voortgaande konsultasieproses.

Verskeie belanghebbendes, insluitende die fakulteitsrade, die Konvokasie, die Senaat, akademici, ondersteuningsdienste, studenteverteenwoordigers en die Institusionele Forum, is genooi of sál nog genooi word om terugvoer te gee en insette te lewer. 'n Elektroniese taalopname word tans gedoen om personeel en studente se insette te kry. Die Senaat van die NWU, as die akademiese beheerliggaam, sal die geleentheid kry om insette te lewer m.b.t. die beleid en plan, voordat dit in Junie 2018 aan die NWU-Raad voorgelê word vir oorweging.

Die Taalbeleid en Taalplan-taakspan het sy opdrag in Oktober 2016 van die Universiteitsbestuur en Senaat ontvang en dryf sedertdien die proses. 'n Eerste konsep van die beleid is bespreek tydens 'n buitengewone Senaatsvergadering in Junie 2017.

Die huidige taalbeleid is 'n funksioneel meertalige beleid, wat beteken dat dit buigsaam is en soos nodig aangepas kan word na gelang van omstandighede. 'n Voorbeeld van hierdie buigsaamheid is die gebruik van parallelmediumklasse op NWU se Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus.

Nóg 'n voorbeeld is die praktyk van simultane tolking in klasse – van of na Setswana, Engels en Afrikaans.

Wat wel seker is, is dat ons nie uiteindelik 'n taalbeleid of -plan sal hê met eentalige taalvoorsiening nie, aangesien sowel ons statuut as die nasionale taalbeleid vir hoër onderwys van ons vereis om meertaligheid te bevorder.

Die nuwe statuut wat in Maart 2017 aanvaar is, lui soos volg:

"Die taalbeleid van die Universiteit soos bepaal deur die Raad ingevolge artikel 27(2) van die Wet, moet buigsaam en funksioneel wees, en moet taalwanbalanse van die verlede regstel en meertaligheid, toegang, integrasie en 'n gevoel van tuiswees bevorder."

(Artikel 7(6) van die Statuut van die Noordwes-Universiteit)

**NWU verklaring: 9 Maart 2018**

NWU® PUKKE






# Rustenburg SPCA needs your help

**Rustenburg** – The Rustenburg Society for the Prevention of Cruelty to Animals (SPCA) needs your help.

Over the past 15 years, SPCAs nationally have been receiving support grants from the National Lottery, but in 2017 the Lottery decided to shift its focus to poverty relief and crime prevention, leaving the SPCA to desperately scramble for new income streams.

Finding safe homes for as many animals as possible is their number one concern, but this can often be an expensive concern. The animals they rescue are in such a state of abuse and neglect that they need special care and veterinarian services before they can be given to a new home.Not even mentioning the sundry costs, food bills, petrol and vehicles necessary to feed and care for these poor animals.

As Monique Swart, vice chairman of the Rustenburg SPCA told the *Platinum Weekly* newspaper: "Our monthly expenses can run anything from R75 000 to R80 000. The Rustenburg Local Municipality has pledged their support, but we fear it may be too little too late."

Monique said she understood it sounds like an enormous amount, but if 375 families in Rustenburg pledge R200 per month, the Rustenburg SPCA would be able to keep their lights on and their doors open to the animals that really need it.

Please donate to the Rustenburg SPCA or better yet, pledge a R200 monthly donation on behalf of your company or family.

**For more information, contact the Rustenburg SPCA on 014-592 3181 or mail admin@spcartb.org.za.**









# Dog-walk Charity Fun Dress-up



**Rustenburg** – Ons stel bekend Martie se Honde Salon en Rustenburg se eerste *Dog-walk Charity Fun Dress-up* vir jou en jou woef!

Díe geleentheid vind plaas op Saterdag, 17 Maart te 4 Landdros straat, Rustenburg en Mevrou Rustenburg, Chantel Krause, gaan die dag kom saam geniet! Registrasie begin al om 07h00 en die staptog begin om 07h30.

Die 2km staptog beloop R40 per eienaar en woef, en R20 per ekstra hond. Die 4km staptog beloop R60 per eienaar en woef, en R20 per ekstra hond.

Groot pryse deur WUMA Dogfood is op die spel! Vir die jongklomp sal daar 'n springkasteel en iets te eet en drink wees.

Daar is 6 kategorieë waarin jy kan deelneem:

- x2 *Best dressed* pryse vir die eienaar en hond (reun en teef)
- x2 *Best look-alike* eienaar en hond
- Die vinnigste 2km
- Die vinnigste 4km

Die honde is verplig om met leibande te loop of draf.

Vir meer informasie skakel 082-461 0313.







CHILD WELFARE SOUTH AFRICA

Stuur 'n Donasie SMS van R3.00 aan Rustenburg Kindersorg by 47439. Elke SMS beloop R3.


